Bybel vir Kinders

bied aan

Van Vervolger tot Prediker

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest

Aangepas deur: Ruth Klassen

Vertaal deur: Gert Badenhorst

Alastair Paterson

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2020 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

God het groot
dinge deur sy
mense gedoen
in die vroeë kerk.

'n Man met die naam Filippus was besig om vir mense in 'n oorvol stad van Jesus te vertel.

Maar toe
stuur God hom
die woestyn in.
Hoekom?

God het geweet daar was 'n reisiger in die woestyn, 'n hoë amptenaar van die kandake, soos die koningin van Etiopië genoem is.

Hy was oppad terug huistoe en het uit 'n spesiale Boek gelees. Kan jy raai watter boek dit was?


Toe
Filippus
God
gehoorsaam
het, ...

... het God hom reguit

gelei
na
die
hoë
amptenaar
wat God se
Woord gelees het sonder
om dit te verstaan.

Hy het
Filippus
genooi om
saam te ry.

“Wat beteken dit?”
het die amptenaar
vir Filippus gevra.

Terwyl die wa aangery het op die woestynpad, het Filippus by daardie Skrifgedeelte begin en Jesus aan hom verkondig.

Die Etiopiese
amptenaar het gou
die Bybel se boodskap,
dat Jesus Christus die
Seun van God is, geglo.

Toe hulle
by water kom,
het hy gevra:
“Wat verhinder
dat ek gedoop word?”

Toe het Filippus gesê:
"As jy met jou hele hart
glo, kan dit gebeur."

Toe die amptenaar antwoord:
"Ek glo dat Jesus Christus
die Seun van God is,"
het Filippus hom die
water

ingeneem
en hom
gedoop.

Toe hulle uit die water gekom het, het die Gees van die Here vir Filippus weggeneem,
...

... sodat die Etiopiese amptenaar hom nie weer gesien het nie. Hy is toe vol blydskap terug Etiopië toe.

Maar party mense het die Christene gehaat. Stefanus, een van Filippus se vriende, is doodgemaak deur woedende mense wat nie wou hê dat hy oor Jesus praat nie.

'n Man met die naam Saulus van Tarsus het gehelp om Stefanus dood te maak. Saulus het alle Christene gehaat.



Saulus, wat die Christene met die dood gedreig het, ...

... het na die hoëpriester toe gegaan en by hom briewe gekry wat hom die reg gegee het om mans en vrouens wat Jesus se volgelinge was, te arresteer.

Arme Saulus van Tarsus! Hy het nie besef dat as hy God se mense kwaad aandoen, hy dit eintlik aan die Here Jesus Self doen nie. God moes vir Saulus keer. Maar hoe?

God het vir Saulus
"gearresteer!"

Toe Saulus oppad was na die stad Damaskus, het God 'n helder lig uit die hemel op hom laat skyn. Saulus het op die grond geval. Toe hoor hy 'n Stem!

"Wie is U, Here?" het Saulus uitgeroep. "Ek is Jesus. Dit is vir My wat jy vervolg." Verstom en bewend het Saulus gevra: "Here, wat wil U hê moet ek doen?"

En die Here het vir hom gesê: "Staan op en gaan in die stad in. Dáár sal vir jou gesê word wat jy moet doen."

Die mans saam
met Saulus
het ook die
Stem gehoor,
maar
hulle
het
niemand
gesien
nie.

Saulus het opgestaan – en ontdek hy is blind! Hulle het hom aan die hand in Damaskus ingelei.

In die stad kon Saulus drie dae lank nie sien nie. Hy het ook nie geëet of gedrink nie. Miskien het hy die tyd gebruik om die Here Jesus, wat hom op die Damaskuspad ontmoet het, te aanbid.

God het alles beplan. In Damaskus was daar 'n dissipel met die naam Ananias. Die Here het hom gestuur om vir Saulus te help. Ananias was bang. Maar hy het die Here gehoorsaam.

Die Here het hom gestuur om vir Saulus te help. Ananias was bang. Maar hy het die Here gehoorsaam.

Toe hy Saulus die hande opgelê het, het die blindheid verdwyn – en Saulus is vervul met God se Heilige Gees.

Saulus is gedoop.
Hy het ook geëet
en sy kragte herwin.
Saulus het krag
nodig gehad.
Hy moes iets baie
belangrik doen.

Dadelik het Saulus oor Christus in die sinagoges gepreek, dat Hy die Seun van God is. Almal wat dit gehoor het, was verbaas en het gesê:

“Is dit nie die man wat die Christene wou uitroei nie?” Sommige het beplan om Saulus te vermoor.

Saulus se nuwe vyande het die stadspoorte dopgehou om hom te vermoor wanneer hy die stad verlaat.

Maar sy nuwe vriende, die Christene, het hom gedurende die nag in 'n groot mandjie oor die stad se muur laat afsak.

En van toe af het Saulus, die vervolger van Christene, gelewe as 'n getroue volgeling van sy nuwe Meester, die Here Jesus Christus.

Van Vervolger tot Prediker

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Handelinge 8-9

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God!
Johannes 3:16